TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

Naam van gemeente: Somerset-Oos **Sinode:** ***NG Kerk in Oos-Kaapland***

Belangrik
1. Hierdie vorm word gebruik vir die terugvoering van groepgesprekke in die gemeente. 'n Kopie van die vorm word ook gebruik vir die opsomming van die gemeente se insette en kommentaar.
2. Baie belangrik: By die gemeente se opsommende vorm moet alle "rou data", maw die skriftelike terugvoering wat gekry is van al die gesprekke in die gemeente, aangeheg word.
3. Die gemeente se opsomming met die aangehegte rou data moet nie later as 31 Oktober 2007 by die sinodale kantoor wees nie. **Stuur dit aan**: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055.
4. Volledige bronne oor kerkhereniging is beskikbaar by www.ngkok.co.za/eenheid. Dit sluit ***hierdie terug-voervorm*** en die meegaande boekie, ***Konsultasie oor Kerkhereniging***, in.

A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle
[Merk al die blokkies wat van toepassing is]

x Kerkraad
¨ Wyke
¨ Kleingroepe
¨ Lidmate: byeenkoms
¨ Lidmate: individueel
¨ Ander: .....

2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?

x Ja
¨ Nee

B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?
Mening oor die voorstel?

Die Kerkraad spreek sy tevredenheid uit ten opsigte van die voorgestelde Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband.

Daar word egter voorgestel dat die moontlikheid van 'n nuwe belydenisskrif wat as die eiendom van die hele nuwe kerk beskou sal word, oorweeg kan word. Die vraag word gevra of 'n nuwe gesamentlike belydenisskrif nie groter eensgesindheid gaan bring nie.

Moontlik is die tyd ryp dat daar ook na die kerk se konfessionele basis as geheel gekyk kan word om dit sodoende te herformuleer vir die tyd en konteks waarin ons leef.

Model

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?

Mening oor die voorstel?

Die Kerkraad steun die voorstelle rakende die voorgestelde model vir kerkeenheid.

C. Gesamentlike projekte

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte?

Mening oor die voorstel?

Ook hier ten opsigte van is die kerkraad positief; aangesien daar in Somerset-Oos op plaaslike vlak reeds baie hiervan sigbaar is.

D. Versoeningsprosesse

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk:

Mening oor die voorstel?

Die kerkraad gee sy ondersteuning vir hierdie voorstel en beywer hom reeds oor 'n lang periode vir versoening in die familie van NG kerke in Somerset-Oos en omgewing.

Somerset-Oos bid die breë verband alle krag en seën toe op hierdie pad van kerkhereniging.

Ds Chris du Raan (Voorsitter: Kerkraad)
28 Oktober 2007